

Die siekbed van Owerspel

Teks: Openbaring 2: 18 - 29
Teksvers: Openbaring 2: 22

1. Inleiding

In ons reeks oor die sewe briewe aan die gemeentes van openbaring is ons vanoggend by die brief aan Tiatira. Aanvanklik is hierdie 'n baie positiewe brief. Die dae van die gemeente word geprys. En juis nogal in kontras met die brief aan die Efese, waar liefde verflou het met tyd. In Kontras lees ons dat die liefde in hierdie gemeente beter geword het met tyd. Maar alles is nie so rooskleurig soos ons dink nie.

Want spoedig word die saak van owerspel aangeraak. En selfs in die uiters liberale omgewing waarin ons vandag leef is dit steeds ernstig. Want selfs in moderne kringe word daar met afsku na iemand gekyk wat in owerspel betrap is. En alhoewel daar natuurlik baie seksuele losbandige praktyke in die stad Tiatira plaasgevind het, het ons hier met meer te doen.

Ons het hier met Isebel te doen. En ons weet reg uit die Ou Testament dat Isebel, eerstens natuurlik vir Agab fisies seksueel verlei het. Maar meer as dit Isebel het aktief die kerk vervolg. Baie priesters en profete is deur haar doodgemaak in die Ou Testament. Daarom hierdie beeld van Isebel in die waarskuwing aan Tiatira.

Maar daar is meer as net Isebel. Die verhouding tussen die Here en die kerk word gereeld uitgebeeld in die verhouding tussen 'n man en vrou in die huwelik. Maar dit is dan juis in die huwelik wat owerspel kan plaasvind. En hierdie owerspel bring natuurlik baie hartseer. Maar op 'n meer suiwer biologiese vlak bring dit ook ander probleme. En dit is juis hier waar ons iets van 'n onmiddellike oordeel oor seksuele sondes sien. Maar kom ons verduidelik, en kyk ook hoe dit uiteindelik op die kerk haar verhouding met die Here van toepassing is.

2. Onmiddellike straf op seksuele sondes

Dikwels wanneer 'n krimineel per geluk vrygespreek word, word daar gereken dat sy dag eendag sal kom. En natuurlik is dit waar dat die oordeelsdag van die Here eendag sal aanbreek. Tot dusver in die briewe in openbaring is dit ook die uitspraak gewees. Selfs aan die einde van vandag se teksgedeelte is daar 'n duidelik verwysing na die dag wanneer die vervolgers van hierdie wêreld verbrysel sal word.

Maar vir seksuele oortredings is daar 'n meer onmiddellike oordeel. Iets hiervan word al duidelik wanneer ons na Romeine 1 kyk. In vers 24 lees ons die oordeel in die woorde: “²⁴Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer”. Tog is dit net een saak, om onder die tugtigende hand van die Here uit te beweeg.

Die verdere oordeel lê in die siekbed waarvan ons lees in ons teksvers. En vandag ken ons dit in die letterlike sin goed. Daar is 'n klomp seksueel oordragbare siektes waarvan ons weet vandag. 'n Losbandige lewe het vandag 'n mediese prys om te betaal. En alhoewel hierdie siektes uit die gebroke natuur van die wêreld is, lê daar tog duidelik in hulle oordrag 'n konneksie met oordeel.

Die gevolge van seksuele sondes stop ook nie by die onmiddellike oordeel nie. Die volgende geslag lei ook onder die seksuele sonde. Ons sien uiteindelik in 1 Konings 10 dat al die seuns van Agab sterf. Hulle betaal die prys vir Agab se verhouding met Isebel. Dus is daar nie net 'n onmiddellike straf op seksuele sondes nie, maar ook 'n voortdurende straf. En hierdie straf kom al in hierdie bedeling oor die skuldiges. Maar waar laat dit dan die moderne kerk vandag?

3. Afgodsdien as seksuele sonde

Maar seksuele sondes, is nie net fisiese seksuele sondes nie. En wanneer ons besig is met die boek openbaring is dit selfs nog meer so. Want ons weet dat die boek openbaring gebruik maak van beelde en visioene. Al in Efesiërs 5 sien ons die duidelike verband in die verhouding tussen Christus en die kerk, en die verhouding tussen man en vrou in die huwelik.

Dit is dan juis waar die owerspel in kom. Soos al uit die Ou Testament duidelik is, is afgodery owerspel. Telkens wanneer die volk hulle rug op die Here draai, dan veroorsaak dit dieselfde pyn en hartseer as owerspel. En dit is wat vandag nog gebeur. In die antieke stad van Tiatira, was dit Apollo. Die seun van Zeus. Hy is in die stad vereer en wanneer Christene nie wou meedoen nie, is hulle as eenvoudig en ongelowig uitgekryt.

Dan was daar ook nog die vroeë gnostiek. Dit wat ons al by die Nikolaiëte tegekom het, sinkritisme. Die wêreld wat die kerk wil verander en vorm tot dit by hom pas. Ons sien die vandag nog. Die verleiding van Akademiese of wetenskaplike vooruitgang. Of die verskeie verleidings uit humanistiese ideologie. Maar uiteindelik is dit alles maar net afgodsvleis wat aan gemeentelede aangebied word.

Maar wanneer hierdie afgodsvleis geniet word, dan volg die siekbed spoedig. Die verdrukking vir kerk is nie ver wanneer kompromieë aangegaan word nie. Want stelselmatig sal die wêreld nie meer tevrede wees, met net die klein deel in die kompromie nie. Onder die mantel van liefde sal verder beweeg word, tot dat die kerk uiteindelik haar enigste Verlosser en Hoof, ons Here Jesus Christus moet verloën. Eers dan sal gesien word dat die Satan agter die aanvanklike was, maar dan sal dit te laat wees. Want dan sal die dieptes van die Satan bekend wees.

4. Geen verdere verpligting

Maar wat van die mense wat nooit die dieptes van die Satan leer ken het nie, soos wat vers 24 dit stel? Die fout wat die kerk dikwels maak is om te dink dat ons voortdurend met 'n strategie moet opkom om die Satan uit te oorlê. Want die Satan het mos elke dag nuwe aanslae teen die kerk, of hoe? Die oorsprong van hierdie dwaling is natuurlik om Satan se krag te oorskakel. Maar uiteindelik weet ons dat die Here finaal vir Satan oorwin het aan die kruis. Daar is niks meer nodig vir oorwinning van die Satan nie.

Daarom hoef ons natuurlik ook nie dieptes van die Satan te gaan leer ken om hom te kan teenstaan nie. Die verband met leer ken, of beken word in die hebreuse taal gemaak met intimiteit. Of hoef nie soos 'n spioen, die Satan intiem te leer ken om hom te kan teenstaan nie. Want uiteindelik sodra die vervalsing langs die ware geloof geplaas word, sal die leuen daarvan baie gou duidelik word. Daarom bly die antwoord vir die kerk om haar voortdurend in die waarheid van die Here te verbreed. Om te volhard in liefde, diensvaardigheid en geloof.

Ons weet in ons verlossing in die Here Jesus Christus is ons reeds verlos uit die mag van die Satan. Daarom kan die kerk net daaraan vashou. En juis daarom maak dit nie saak met watter nuwe aanslag of ideologie, Satan die kerk aanval nie. Ons is reeds oorwinnaars. En dit is as gevolg hiervan dat daar nie 'n ekstra, of verdere las opgelê word nie, volgens vers 24. Want die kerk is nie soos 'n reglement soldate wat voortdurend moet verbeter op die gevegsgebied nie. Die kerk is deel van die kant wat klaar oorwin het. Die kerk is deel van die triomftog van Christus.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit met 'n laaste kyk na die ongemaklike onderwerp van owerspel. Dit is nie iets wat gewild is

om te bespreek in geestelike kringe nie. Natuurlik omdat dit juis soveel pyn en hartseer veroorsaak. Tog noodsaak die gaping tussen ons en die Here, hierdie moeilike vergelyking. Want die Here se liefde is so ver bo ons menslike begrip, dat ons nie werklik kan besef watter pyn veroorsaak word.

Die pyn van 'n geliefde wat owerspel pleeg, poog om iets van die pyn wat ons veroorsaak wanneer ons agter afgode aanloop te openbaar. Maar dan weet ons ook dat die verleiding op 'n fisiese gebied soms moeilik weerstaan kan word. Op die geestelike gebied was ons dood, en glad nie in staat om enige teenstand te bied teen versoeking en verleiding nie. Maar die Here Jesus Christus kom verlos ons uit hierdie dood. En nou het ons die vermoë om in Sy genade te stry teen die bese. Om elke versoeking te erken en te identifiseer vir wat dit is.

Maar laastens soos in alles moet die liefde natuurlik nooit ontbreek nie. Dit bly die sterk punt van die Gemeente in Tiatira. 'n Liefde wat voortdurend net meer en meer word. 'n Liefde wat groei. En dit is belangrik om die ander twee eienskappe wat saam genoem word raak te sien. Diensbaarheid en geloof. Ware liefde wat die Here eer, lei ons tot diensbaarheid in die geloof. Laastens bly liefde ook die manier waarop die bese oorwin moet word. Ons het gesien dat ons nie die bese moet gaan uitoorlê met slimstreke nie. Ons Here Jesus Christus, die een met die oë soos 'n vuurvlam, en voete soos blink koper het die voorbeeld kom stel. In liefde kom dien Hy ons, swak mense wat dit nie verdien nie. Hy gee selfs uiteindelik Sy lewe as offer vir ons sondes.

Amen